MIDDELEEUSE FILOSOFIE

Temas en Probleme

j j (ponti) venter

2013

Kopiereg: Vraagteken Uitgewers / Question Mark Publishers
Outeurs- en vertaalreg: Ponti Venter
Kopiereg op omslagontwerp: ZC Venter

Potchefstroom
Vraagteken Uitgewers
Question Mark Publishers
2012

VOORWOORD

'Lank gelede. Lank gelede ... ' (sing Stef Bosch) moes ek Middeleeuse filosofie vir voorgraadse studente aanbied. Vinnig is notas geskrywe - vulpen met ouderwetse ink - en gefotokopieer (kopieerders het darem al bestaan), aan studente uitgedeel.

Die notas het binne hulle eie grense gegroei deur aanvulling, korreksies, kruisverwysings. Hulle is deur my vrou getik met 'n IBM gholfbal tikmasjien 'lank gelede ...' en so aan studente voorsien. Dankie vandag vir skandeerders en OCR's.

Onlangs het ek die notas opgediep as geheueverfrissing vir 'n ander. 'n Kollega en vriend wat ook sy geheue daaruit verfris het, het gemeen hulle is publiseerbaar. Ek het gehuiwer, gedagtig daaraan dat resensente klasnotas mas kritiseer asof dit pretensieuse 'navorsingswerk' is. Aan hulle sê ek graag: handboekies oor moeiliker onderwerpe is nie 'n skande nie. En ja - as u goed kyk sal u nog navorsingswerk ook raaksien.

Die notas het gefokus op filosofie, wat in die Middeleeue 'n nogal abstrakte voorkoms gehad het. Ekskuus aan my studente: dit was jeugsonde en gebrek aan ervaring; asook hoë onderriglading.

Ek skrywe nie meer so nie. As ek die werkie nou moes oordoen, sou daar heelwat bladsye gegaan het aan Middeleeuse leefstyl en kultuur - die interaksie tussen die wysgerige abstraksies en die lewe van die mense. Daar sou heelwat gewees het oor die debatte tussen Moslems, Jode en Christene; die stryd tussen die pous en die keiser, kloosterlewe, ensovoorts.

Daar is dokumente hieroor beskikbaar. En ja: daar was groot spanninge byvoorbeeld tussen bepeinsing en praktiese naasteliefde, tussen volke en stamme en die oorkoepelende kerk, die selibaat, okkultisme, bygeloof en die latere inkwistoriese vervolgings.

Tans, egter, verg ander onderwerpe my aandag. Dus die wat vinnig iets wil naslaan of die gheheur verfris, of kort inleidings vir studente nodig het, kan hierdie volgens my vriend met vrug gebruik.

Potchefstroom, Oktober 2013. Ponti Venter

-D-

INHOUDSOPGAWE

1 WYSGERIGE MUSEUM: DIE MIDDELEEUE 1
1.1 BELANG 2
1.2 PERIODISERING 3
1.3 DIE WESE VAN DIE 'SKOLASTIEK' 7
1.4 HOOFPROBLEME 8

2 DIE WESE VAN DIE SYN 10
2.1 DIE BEGRIP 'SYN' 11
2.2 DIE EERSTE FASE 11
2.21 DIE HERONTDEKKING VAN DIE CHRISTELIKE NEOPLATONISME 11
2.22 JOHANNES SCOTUS ERIUGENA (810-877) 12
2.221 Die mees fundamentele werklikheidsindeling 12
2.222 Syn as wesenheid 12
2.223 Syn as bevestiging 12
2.224 Syn as formele afgerondheid 13
2.225 Syn as intellektuele objek 14
2.226 Die syn van die mens 14
2.227 Betekenis van Scotus Eriugena se synsleer 14
2.3 DIE TWEEDE FASE 14
2.31 ISAAC VAN STELLA 14
2.311 Isaac as tweede-periode-denker 14
2.312 Die kategorieëleer van Aristoteles 15
2.313 Interafhanklikheid van substansies en bykomstigheid 15
2.314 Substansies, bykomstigheid en syn 17
2.315 Isaac: Synsidee en godsidee – kritiese samevatting 17
2.4 DIE DERDE FASE 18
2.41 HOUDING TEENOOR ARISTOTELES 18
2.42 THOMAS VAN AQUINO (1225/7 - 1274) 19
2.421 Grondbegrippe van Thomas se synsleer 19

2.421.1 Syn as waargenome werklikheid 20
2.421.2 'Akt - potensie' 20
2.421.3 'Vorm – materie' 20
2.421.4 'Substansie – aksidens 21
2.421.5 'Essensie - eksistensie' 21
2.422 Die synshiërargie by Thomas 22
2.423 Synsanalogie en partisipasie 23
[A] Die syn self en die ontvange syn 23
[B] Partisipasie 24
[C] Analogie 26
2.424 Geslaagde onderskeiding? 27
2.43 BONAVENTURA (1221-1274) 29
2.431 Tradisionalistiese verwerking van Aristoteles 29
2.432 Ligmetafisika en vormpluraliteit 29
[A] Vormpluraliteit 29
[B] Ligmetafisika 30
2.433 'Verwantskap' tussen God en wêreld 31
2.434 Thomas en Bonaventura 33
2.44 HENDRIK VAN GENT (+1293) 34
2.441 Goue middeweg 34
2.442 Kontingente en noodwendige syn 34
2.443 Die syn van die essensies 35
2.444 Hendrik, Bonaventura, Thomas 37
2.5 DIE VIERDE FASE 37
2.51 KARAKTERISTIEK 37
2.52 JOANNIS DUNS SCOTUS 38
2.521 Kritiek op die Thomistiese analogieleer 38
2.522 Abstrakte syn 39
2.523 Duns Scotus en Hendrik van Gent 40
2.53 WILLEM VAN OCKHAM 40
2.531 Nie ontoloog nie, maar logikus 40
2.532 Begrip, werklikheid, taal 41
2.533 Syn as transendentale begrip 41
2.534 Ockham en Thomas se grondbegrippe 42
2.535 Ockham, die vierde-fase-denker 43
2.6 KONKLUSIES OOR DIE MIDDELEEUSE SYNSOPVATTING 43

2.61 'SYN' AS WAARDEBEGRIP 43
2.62 SKEPPER EN SKEPPING 44
2.63 HOOFLYNEVALUERING 44
3 VERHOUDING TUSSEN GOD EN WÊRELD 46
3.1 SKEPPING EN ONDERHOUDING 47
3.2 DIE EERSTE FASE 47
3.21 JOANNIS SCOTUS ERIUGENA 47
3.211 Hoofprobleem 47
3.212 Die vier nature 48
[A] Die ongeskape, skeppende natuur 48
[B] Die geskape, skeppende natuur 49
[C] Die geskape nie-skeppende natuur 50
[D] Die ongeskape, nie-skeppende natuur 51
[E] Scotus Eriugena en vandag 51
3.22 ANSELMUS VAN KANTELBERG (1033-1109) 51
3.221 Waarom Anselmus? 52
3.222 Die barmhartigheid van God 52
3.223 Sonde, Verlossing, Heelal 53
3.3 DIE TWEEDE FASE 53
3.31 THIERRY VAN CHARTRES (+1150) 53
3.311 Waarom Thierry? 53
3.312 Thierry en Aristoteles se oorsakeleer 54
3.313 Plato se Timaios 55
3.314 Die Neoplatonistiese komponent 55
3.315 Thierry as tweede-fase-denker 55
3.4 DIE DERDE FASE 55
3.41 THOMAS VAN AQUINO (1225/7 - 1274) 55
3.411 God as oorsaak 55
3.412 Die eksemplariese modelle in God 56
3.413 God as die absolute 56
3.42 BONAVENTURA 57
3.421 Inleidende opmerkings 57
3.422 Eksemplarisme 58
3.423 Die goddelike oorsaaklikheid 59
3.43 THOMAS EN BONAVENTURA 58

3.5 DIE VIERDE FASE 59
3.51 JOHANNES DUNS SCOTUS 59
3.52 PETRUS VAN AUREOLI (+1322) 60
3.53 WILLIAM VAN OCKHAM 60
3.531 Openbaringsteoloog 60
3.532 Die vrymagtige wil van God 60
3.533 Die Ideë 61
3.534 Ockham: Vrymagtige God sonder verbondstrou? 61
3.54 JEAN VAN MIRECOURT (+ na 1350) 61
3.55 NIKOLAUS VAN KUES (1401-1464) 62
3.551 Neoplatonistiese mistikus 62
3.552 Eindigheid, Oneindigheid 63
3.553 Insluiting en ontvouing 63
3.554 Vergelyking en onvergelyklikheid 64
3.555 Cusanus en die Neoplatonistiese probleme 64
3.56 DUNS SCOTUS TOT CUSANUS 64
3.6 GOD EN WÊRELD: 'N TERUGBLIK 64

4 DIE AARD VAN DIE UNIVERSELE 66
4.1 DIE ONTPLOOIING VAN DIE UNIVERSALIAPROBLEEM 66
4.11 DIE GRIEKSE OORSPRONG 66
4.12 PORFYRIOS SE VERWERKING 67
4.13 NAAM, BEGRIP, WERKLIKHEID 69
4.14 SKEMATIESE OORSIG 71
4.2 DIE EERSTE FASE 74
4.21 ERIC VAN AUXERRE (9e eeu) 74
4.22 ANSELMUS VAN KANTELBERG 75
4.23 ROSCELLINUS VAN COMPIEGNE 76
4.24 ODO VAN TOURNAI 76
4.25 WILLEM VAN CHAMPEAUX 77
4.26 DIE EERSTE FASE: EKSTREMISTIES? 77
4.3 DIE TWEEDE FASE 78
4.31 PETRUS ABAELARDUS 78

4.311 Kritiek op nominalisme en realisme 78
4.312 Sy eie oplossing – konseptualisme 78
4.32 GILBERTUS PORRETANUS 79
4.33 ISAAC VAN STELLA (1147-1169) 81
4.34 NUWE KOERS: INGEHOUE REALISME 82
4.4 DIE DERDE FASE 83
4.41 THOMAS VAN AQUINO 83
4.42 THOMAS - GOEIE VERTEENWOORDIGER? 84
4.5 DIE VIERDE FASE 84
4.51 JOHANNES DUNS SCOTUS 84
4.52 PETRUS VAN AUREOLI; D DE ST POURCAIN 84
4.53 WILLIAM VAN OCKHAM 86
4.531 Tekenteorie 87
4.531.1 Supposisie 87
4.531.2 Konvensionele en natuurlike tekens 89
4.532 Universalia en kennis 89
[A] Direkte en abstraherende kennis 90
[B] Wetenskap as abstraherende kennis 91
4.533 Konseptualisme problematies 91
4.6 WAARHEEN -UNIVERSALIAPROBLEEM? 92
5 MENS EN KENNIS 94
5.1 ANTIEK EN VROEG-CHRISTELIK 95
5.11 PLATO 95
5.12 PLATO EN VROEG -CHRISTELIK 95
5.121 Mensbeskouing 96
5.122 Kenteorie 96
5.13 ARISTOTELES 97
5.2 DIE EERSTE FASE 98
5.21 SIELSBESKOUING MINDER BELANGRIK 98
5.22 JOANNIS SCOTUS ERIUGENA 98
5.23 ANSELMUS VAN KANTELBERG 99
5.3 DIE TWEEDE FASE 99
5.31 ISAAC VAN STELLA 99
5.311 Siel en geesteswêreld 100

5.312 Siel en liggaam 100
5.313 Plato, Aristoteles en Augustinus 101
5.4 DIE DERDE FASE 103
5.41 DIE DERTIENDE EEUSE DISKUSSIE OOR SIEL EN KENNIS 103
5.42 WILLEM VAN AUVERGNE 104
5.43 ALEXANDER VAN HALES (Augustyns) 105
5.44 JOHANNES VAN RUPELLA (Augustyns) 106
5.45 ALBERTUS MAGNUS (Aristotelies) 106
5.46 BONAVENTURA (Augustyns) 107
5.47 THOMAS VAN AQUINO (Aristotelies) 109
5.48 DIE DAAROPVOLGENDE AUGUSTYNSE TRADISIONALISTE 112
5.49 RICHARD VAN MIDDLETON (afloop) 113
5.5 DIE VIERDE FASE 115
5.51 JOHANNES DUNS SCOTUS 115
5.52 WILLEM VAN OCKHAM 115
5.6 MENS EN KENNIS - 'N SAMEVATTING 115

6 GOD EN MENS 117
6.1 PROBLEEMOMVANG; OUER OPVATTINGS 118
6.11 PROBLEEMOMVANG 118
6.12 OUER OPVATTINGS 118
6.121 Plato, Aristoteles en die Neoplatonisme 118
6.122 Augustinus 119
6.2 DIE EERSTE FASE 120
6.21 JOHANNES SCOTUS ERIUGENA 121
6.22 ANSELMUS VAN KANTELBERG 122
6.23 DIE EERSTE FASE – TUSSEN AUGUSTINUS EN NEOPLATONISME 124
6.3 DIE TWEEDE FASE 125
6.31 VOORRANG AAN DIE MISTICI 125
6.32 BERNARD VAN CLAIRVAUX 125

6.33 HUGO EN RICHARD VAN ST VICTOR 129
6.34 TUSSEN CITAUX EN ST VICTOR 131
6.4 DIE DERDE FASE 131
6.41 NOGEENS AUGUSTINUS VS ARISTOTELES 131
6.42 BONAVENTURA 132
6.421 Die mistieke weg 133
6.422 Die mens as beelddraer 136
6.423 Die kwaad 137
6.43 THOMAS VAN AQUINO 137
6.431 Die kwaad en die vrye wil 137
6.431.1 Die kwaad 137
6.431.2 Die vrye wil 140
6.432.3 Genade 140
6.44. THOMAS, BONAVENTURA ... 143
6.5 DIE VIERDE FASE 144
6.51 WILLIAM VAN OCKHAM 144
6.52 MEISTER ECKEHARDT (1250-1327) 146
6.6 GOD EN MENS - 'N TERUGBLIK 147

7 REDE, GELOOF - FILOSOFIE, TEOLOGIE 149
7.1 REDE, GELOOF dan FILOSOFIE, TEOLOGIE 150
7.2 DIE EERSTE FASE 151
7.21 DIE STRYD OOR DIE DIALEKTIEK 151
7.22 FULBERT, GERARDUS, PETRUS DAMIANI 153
7.24 ANSELMUS VAN KANTELBERG 153
7.241 Filosoof of teoloog? 153
7.242 Geloof en rede 154
7.243 Godsbewyse 155
7.244 Betekenis van sy rasionele metode 157
7.3 DIE TWEEDE FASE 158
7.31 PETRUS ABAELARDUS 158
7.32 PETRUS LOMBARDUS (1095-1160) 158
7.33 PARVIPONTANUS, ALANUS, NICOLAS 160
7.34 DIE MISTIEKE SKOLE 161

7.35 DIE TWEEDE FASE: DIALEKTISISTIES 161
7.4 DIE DERDE FASE 162
7.41 AKKOMMODASIE; DUBBELE WAARHEID 162
7.42 BONAVENTURA 162
7.43 THOMAS VAN AQUINO 164
7.432 Teologie en filosofie 165
7.433 Godsbewyse 166
7.44 THOMAS, BONAVENTURA ... 169
7.5 DIE VIERDE FASE 170
7.51 JOANNIS DUNS SCOTUS 170
7.511 Geloof en wete; teologie en filosofie 170
7.512 Natuurlike godskennis en godsbewyse 170
7.513 Duns Scotus terug by Anselmus? 172
7.52 WILLIAM VAN OCKHAM 173
7.521 Geloof en wetenskap 173
7.522 Natuurlike teologie 173
7.523 Ockham se godsidee 174
7.53 OCKHAM, SCOTUS, REFORMASIE 175
7.6 GELOOF EN WETENSKAPLIKE KENNIS 176

BIBLIOGRAFIE 179
Primêre bronne 179
Sekondêre bronne 184

INDEKS 200

1

WYSGERIGE MUSEUM?? DIE MIDDELEEUE

1.1 BELANG

Die Middeleeue? Die 'donker Middeleeue'? Een en al bygeloof en ongepoetsheid? Die Grieke het die wetenskaplike denke en rasionele filosofie begin; die Renaissance het dit herwin; Moderne era het die tradisie uitgebou en vervolmaak. Hiertussen vertein eeue van duistere bygeloof en 'n uiteindelik 'n gekibbel oor hoeveel engele op die punt van 'n naald kan dans. Dit was die beeld van die Middeleeuse intellektuele lewe wat teen die derde kwartaal van die vorige eeu nog gegeld het. Tans is daar meer intellektuele wat die Middeleeuse denke ernstig opvat; meer wetenskapsifilosowe wat begin agterkom dat die 'Moderne wetenskap' en Galilei nie sommer uit die lug geval het nie. Hier en daar iemand wat erken dat Copernicus nog eintlik 'n laat-Skolastikus was en dat Bruno nie op die brandstapel geplaas is as 'n gevaarlike natuurwetenskaplike nie maar as 'n okkultis (sekerlik nog 'n inkwisitoriese moord op 'n andersdenkende). Slegs enkeles sien raak dat Descartes steeds nader aan Thomas van Aquino gestaan het as wat algmeen erken word.

Die Westerse Middeleeuse Filosofie bevat 'n ryke verskeidenheid aan ideë veral in die periode vanaf die helfte van die twaalfde tot die helfte van die veertiende eeu. Hierdie denkers was in meerderheid Christene, met hulle voorlopers in die Jodendom en Islam. Binne hierdie drie naas-verwante geloofsisteme was wie dit 'n daaglikse probleem, minstens vir die intellektuele leierskap, om godsdienstige geloof en wetenskaplik-denkende filosofie met mekaar in die reine te hou. Hulle hedendaagse geloofsnasate, maar ook die Moderne sekulêre denke het hul wortels in die Middeleeue, daarom is hierdie denkers van besondere belang. As ons hulle ernstig bestudeer, kan ons sowél uit hulle wysheid as uit hulle foute iets leer. My fokus, binne hierde beperkte ruimte en binne die situasie waarin hierdie werkie ontstaan het, is veral die Christelike Skolastiek in sy opkoms, bloei en verval. Verwysings na die Joodse en Moslem-denkers kom wel voor om agtergrond te gee.

Die pretensie dat die Moderne Denke 'n totaal nuwe begin was, na 'n 'donker Middeleeue', is niks meer as net pretensie nie. Slawehandel en kolonialisme in die sewentiende en agtiende eeu is dan in ieder

geval die 'donker – uiters donker - Moderne'. Die Middeleeue het nooit 'n absolute vorstedom, in die sin van Bodin of Hobbes, geken nie. Die probleem van sekularistiese historiograwe vir 'n lang tydperk was dat hulle, in hulle vooroordeel, nie die Middeleeuse denke gelees het nie en gevolglik nie agtergekom het hoeveel van die Middeleeue ná die Renaissance steeds daar was en skeefgetrokke, verwerk is nie (waaroor ek tans werke-in-groei het).

Die vooroordeel teen die Middeleeue is dikwels ook in Protestantse kringe voortgedra of oorgeneem van die sekulariste. Verstaanbaar – die hele Reformasie was 'n poging om weg te beweeg van korrupte magstrukture wat met behulp van Antieke filosofiese skemas verdedig is. Tog kon ek self, alreeds sedert my studie aan die Vrije Universiteit in Amsterdam onder die befaamde M C Smit, nie gemaklik voel met die sterk antitetiese houding wat onder Neo-Calviniste geheers het teenoor die Middeleeue en die Rooms-Katolisisme in die algemeen nie. Miskien het indertyd die Rooms-Katolieke ook so teenoor Protestante gevoel.

Hieronder sal by herhaling kritiese vrae gevra word – ek het my afstand behou. Die voorbeeld van M C Smit om in gesprek te tree met die Middeleeue en in persoonlike gesprek te tree met hedendaagse Katolieke denkers ten opsigte van die detail van hulle werk (en nie sonder meer vas te haak by Dooyeweerd se teorie oor grondmotiewe of Vollenhoven se majestueuse verpakking van die denkers nie), het my na die detail laat kyk en daaroor laat nadink, in die wete dat my kritiek *ex post facto* is en dat as ek self in die Middeleeue geleef het, ek hoogs waarskynlik ook sou vasgehaak het in dieselfde dilemmas.

1.2 PERIODISERING

Die Middeleeuse denkers vind aanvanklik hulle aansluiting by die vroeëre wysbegeerte-geskiedenis veral via Boëthius en Augustinus. Van Augustinus het hulle 'n omvangryke vroeg-Christelike filosofie en teologie ontvang om te verwerk en van veral Boëthius 'n groot hoeveelheid klassieke, Grieks-Romeinse geleerdheid in allerlei vakgebiede. Die eerste periode van die Middeleeuse Filosofie (van die negende tot die elfde eeu) word dan ook gekenmerk

deur die verwerking van die Augustyns-Boëthiaanse tradisie. Die gedagterigtings van Plato en die Neoplatonisme is die sterkste herkenbare nie-Christelike wysgerige invloede wat ons in dié tyd kan waarneem. Bekende name uit dié tydperk is:

Hrabanus Maurus +856),
Johannes Scotus Eriugena (810-877),
Abbo van Fleury (+1004),
Gerbert van Aurillac (+1004),
Anselmus van Besate (+1050),
Berengarius van Tours (+1088),
Fulbert van Chartres (biskop 1006-1028),
Petrus Damiani (1007-1072),
Lanfranc van Bec (1010-1089),
Odo van Tournai (+1113),
Willem van Champeaux (+1120),
Anselmus van Kantelberg (+1109),
Roscellinus van Compiegne (+1120).

Vanaf laat in die elfde eeu het talle werke van Aristoteles wat tot dan toe nie in die Weste bekend was nie, deur middel van die Arabiese filosowe na die Weste deurgekom. So vang die tweede periode van die Middeleeuse Filosofie aan. In die Arabiese bronne van toe is Aristoteles egter deur 'n sterk Neoplatonistiese bril gesien. Hierdie Neoplatonistiese Aristotelesverwerkings is ook deur die Westerse Christene nagevolg. Dit is dan kenmerkend van die tweede periode wat van vroeg in die twaalfde tot in die eerste kwart van die dertiende eeu voortduur. Die bekendste denkers van dié tydperk was:

Adelard van Bath (vroeg 12e eeu),
Bernard van Chartres (+1130),
Petrus Abaelardus (1079-1142),
Thierry van Chartres (+1150),
Bernhard Silvestris (middel 12e eeu),
Gilbertus Porretanus (1076-1154),
Johannes van Salisbury (1110-1180),
Clarenbaldus van Atrecht (+1170),
Petrus Lombardus (+1160),
Adam Parvipontanus (midde 12e eeu)

Alanus van Ryssel (1125-1203),
Bernhard van Clairvaux (1153),
Willem van St. Thierry (f1148),
Isaak van Stella (Ab van Stella, 1147-1169),
Hugo van St Victor (1069-1141),
Richard van St Victor (+1173),
Amalrik van Bena (+1206/7),
Dawid van Dinant,
Joachim van Fiore (1154-1202),
Dominicus Gundisalvi (+1150)

Net soos in die Arabiese wêreld, word op die duur ook in die Weste duidelik dat Aristoteles verkeerdelik op Neoplatonistiese wyse verstaan is. Dit bring mee dat vanaf die tweede kwart van die dertiende eeu duidelike pogings aangewend word om Aristoteles se denke suiwer te leer ken en te verwerk. 'n Intense diskussie ontstaan oor die vraag in watter mate 'n Christen van Aristoteles se denke gebruik mag maak. Sommige wou betreklik min van Aristoteles oorneem; andere veel meer of selfs alles. Hierdie strydpunt is een van die uitstaande kenmerke van dié bepaalde periode. Die denkers van hierdie derde periode was verder in die eerste plek sisteembouers wat hulle tradisie met 'n gepaste hoeveelheid van Aristoteles omgebou het tot verstommend-uitgebreide sistematiese filosofieë. Van die bekendste middeleeuse denkers hoort in hierdie tydperk. Die hoë bome van hierdie fase is by name:

Willem van Auvérgne 1180-1249),
Alexander Neckham (1175-1217),
Robert Grosseteste (1175-1253),
Adam Marsh (+1258),
Thomas van York (+1260),
Alexander van Hales (1170/80-1245),
Johannes van Rupella (1200-1245),
Bonaventura (1221-1274),
Roland van Cremona (1229-30 leermeester in Parys),
Albertus Magnus (1193/1206-1280),
Thomas van Aquino (1225/7-1274),
Mattheus van Aquasparta (1235/40-1302),
Roger Marston (+ 1303),

John Peckham (1240-1292),
Petrus Johannes Olivi (1248/9-1298),
Richard van Middleton (+1307),
Robert Kilwardby (+1279),
Aegidius van Lessen,
Hendrik van Gent (+1293),
Roger Bacon(+- 1214-1294).

Die sisteembouers van die dertiende eeu word teen die einde van daardie eeu self reeds opgevolg deur 'n groep sisteemkritici wat oorvleuel met die Renaissance en deur die veertiende eeu heen loop tot in die vyftiende. In hierdie vierde en laaste fase van die Middeleeuse Filosofie word diepgaande kritiese vrae gevra oor fundamentele aspekte van die filosofieë van die groot sisteembouers. Hierdie denkers beantwoord die vrae self nog wel op sistematiese wyse, maar korter en grootliks vereenvoudig. Die manne van naam uit hierdie tydperk was:

Johannes Duns Scotus (1266/70-1308),
Petrus van Aureoli (*11322),
Durandus van St. Pourçain (1270/5-1),
William van Ockham (1290/1300-1349),
Nicolaus van Autrecourt (1347 verbranding van geskrifte),
Robert Holcot (=1300-1349),
Jean van Mirecourt (+ na 1350),
Nikolaus van Oresme (+1382),
Marsilius van Inghen (+1396),
Albert van Sakse (+1390),
Pierre d'Ailly (1350-1420),
Johannes Gerson (1363-1420),
Gabriel Biel (+1495),
Meister Eckehardt (1260-1327),
Heinrich Seuse (1300-1366),
Johan Tauler (1300-1361),
Johan van Ruysbroeck (1293-1391),
Nikolaus van Kues (1401-1464).

Om saam te vat:

1) Eerste fase: Augustyns-Boëthiaans-Platonisties.
2) Tweede fase: Augustyns-Neoplatonisties-Aristotelies.

3) Derde fase: Strydpunt oor Aristotelesverwerking.
4) Slotfase: Tradisiekritiek.

Hierdie is nie die enigste goeie periode-indeling wat van die Middeleeuse Filosofie gegee kan word nie. Ons gebruik dit hier vanweë sy eenvoud. Ander moontlike periodiseringe sal gaandeweg vanself ook aan u duidelik word, veral wanneer u goed oplet hoe die antwoorde op die hoofprobleme ontwikkel het.

1.3 DIE WESE VAN DIE 'SKOLASTIEK'

Die Middeleeuse Filosofie en Teologie word dikwels met die naam 'Skolastiek' aangedui. Wanneer iemand van Reformatoriese oortuiging teëgewerp word dat hy/ sy trekkies van 'Skolastiek' in sy/ haar denke vertoon, dan word daarmee bedoel dat hy/sy òf na denkwyse òf na die inhoud van sy/haar denke nie heeltemal Gereformeerd is nie, maar sprankies Katolisisme oorgehou het.

Onder geleerdes bestaan daar egter meningsverskille oor presies wat nou die wesenskenmerke van 'Skolastiek' sou wees.

(a) Die een sien dit in 'n sogenaamde 'kerklike filosofie', omdat die kerk nogal streng beheer oor die filosofie uitgeoefen het. As die term só verstaan word, dan is 'Skolastiek' dus wysgerige toepassings van die amptelike kerklike dogmas. Maar die probleem met hierdie uitleg van die term is dat een van die grootste Skolastici, Thomas van Aquino, se filosofie eers jare na sy dood vir die Katolieke Kerk aanvaarbaar geword het.

(b) Andere verbind 'n bepaalde tema, naamlik dié van Natuur en Genade, aan die term 'Skolastiek'. Volgens hierdie interpretasie het die Middeleeuse denkers voor die voet die menslike natuur gesien as selfversorgend en selfbepalend (outonoom) tot op 'n sekere punt; eers dáárna sou goddelike hulp (naamlik genade) nodig wees. Maar ook aan hierdie uitleg is daar moeilikhede verbonde: Ten eerste word die terme 'Natuur' en 'Genade' - wat van Augustinus stam - eintlik maar eers in die dertiende eeu, deur Thomas van Aquino spesifiek, gesamentlik in opposisioneel-tematiese verband gebruik; ten tweede is daar geen enkele Middeleeuse denker van formaat (uitgeslote miskien die Averroïste) te vinde wat geglo het dat die natuurlike mens maar in die minste sonder hulp van Bó kan klaar-

kom nie.

(c) Na my mening is die houdbaarste omskrywing van 'Skolastiek' die volgende: 'Skolastiek' is
  (i) die verwerking van 'n merendeels kerklike geleerdheidstradisies met behulp van streng logiese middele binne die verband van wysgerige skole en
  (ii) die bywerking van nuwe gegewens in die sisteem op dieselfde wyse.

As ons die laaste betekenis gebruik, kan ons die ontwikkeling van die Skolastiek aan ons periodisering verbind.

- Die Vroeë Skolastiek (ongeveer die eerste en gedeeltelik die tweede fase), het 'n baie beperkte kennis van Aristoteles se logika gehad, wat hulle dan aangewend het om die gegewe tradisie en nuwe gegewens om te werk en te herbou.
- Later (die latere tweede en veral die derde fase) is die volle Aristoteliese logika herontdek en hierdie logika is aangewend met dieselfde bedoeling.
- In die laaste fase egter, is gebreek met die Aristoteliese logika wat 'n predikaatslogika (logika van eienskappe) was en is die Aristoteliese logika ondergeskik gemaak aan 'n voorwaardelikheidslogika ('as ... dan ...') - onder die titel *consequentiae*) wat aangewend is om die groot sisteme krities te toets en te 'suiwer'.

1.4 HOOFPROBLEME

'n Aantal belangrike probleme is eie aan die Middeleeuse Filosofie. Aan die hand van hierdie probleme gaan ons die Middeleeuse Filosofie behandel. Ons laat dit aan die leser om self die denksisteme van die indiwiduele denkers te rekonstrueer deur wat oor elk in die behandeling van elke hoofprobleem gesê word, self bymekaar te haal. Ons onderskei die volgende hoofprobleme van die Middeleeuse Wysbegeerte:

(a) Die wese van die Syn.
(b) Die verhouding tussen God en wêreld.
(c) Die aard van die universele.
(d) Die mens en die kennis.
(e) God en mens.

(f) Die plek van die menslike rede en wetenskap veral m b t die geloof.
(g) Die verhouding tussen Wysbegeerte en Teologie.

Die orde van behandeling is dié hierbo gegee. Dit beteken dat die fundamenteler sake nie noodwendig vóór die minder fundamentele sake behandel word nie. Ons kies die orde wat die verstaanbaarheid die beste sal dien.